**25 November**

## Loof die Here, want Hy is goed

**Skrifgedeelte: Psalm 136**
**Fokusgedeelte: Psalm 136:1**

Die Here is goed! Sy liefde het geen einde nie. Dit is orals te sien: in die manier hoe Hy alles gemaak het en in stand hou, en hoe Hy sy volk Israel dwarsdeur die geskiedenis gedra en verlos het.

Kyk rondom jou: sien in God se skepping sy goedheid. Sien in jou eie lewe hoe goed Hy vir jou is. Hy dra en versorg jou elke dag. Alles wat jy het, kom uit sy hand. Hy het jou deur Jesus Christus verlos van die dood en die straf op die sonde. Hy het deur sy Heilige Gees ’n nuwe lewe in jou gewek. So volkome het Hy jou straf weggeneem dat jy selfs in die teenspoed en hartseer wat op jou pad kom, sy goedheid kan sien. Immers, alles werk ten goede mee vir dié wat Hom liefhet (Rom 8:28). Selfs sy hand wat tug, is ’n liefdevolle hand wat jou terugbring na Hom en na die lig toe waar jy hoort.

So goed is die Here dat Hy jou verlossing voltooi in die ewige heerlikheid wat vir jou wag. Loof die Here, want Hy is goed. Jy het oorgenoeg rede om Hom te loof, want wat Hy vir jou gee en vir jou doen, is ’n genade en ’n liefde wat jy nie verdien nie. Hy gee dit vir jou verniet, omdat Hy liefde is.

*Sing: Psalm 107:1 (1936)*

*Prof. Rikus Fick (Teologiese Skool)*